

# Dinsdag 31 Augustus

Skrifgedeelte: Job 42:7-17

Fokusgedeelte: Job 42:8 (1983-  
vertaling)

## Die genade van die Here

Saam met Job, moet sy vriende ook tot ander insigte kom wanneer dit oor die “waaroms” van die lewe gaan. Job se woorde, anders as die woorde van sy drie vriende, was meer aanvaarbaar vir die Here gewees. Die drie vriende van Job het telkens aan Job voorgehou dat vroomheid beloon word en dat goddeloosheid bestraf word. In Job se tye van diep vertwyfeling het hy nooit probeer voorgee dat hy God vir sy persoonlike voordeel gedien het nie.

Job moes vir sy vriende 'n soenoffer aan die Here bring as teken dat hulle God se finale beslissing ter harte geneem het. Hierdie offer moet in teenwoordigheid van Job gebring word as erkenning dat hulle God voor hom in verkeerde lig gestel het. En Job moet vir hulle bid sodat hulle nie gestraf word vir hulle dwaasheid nie! Geen pleidooi het groter krag as wanneer die slagoffer intree by God vir hulle wat hom beledig en verneder het nie. Die voorbidding het nie alleen vergifnis vir Job se vriende beteken nie, maar ook seën vir Job self.

Ons lees in die Nuwe Testament dat Jakobus aan die einde van sy brief baie waarde heg daaraan om nie oor jou naaste te oordeel nie (Jak. 4:11), om te volhard in die geloof (Jak. 5:11) en om vir mekaar voorbidding te doen (Jak. 5:16). Al hierdie dinge is lesse wat geleer word in die boek van Job. As ons worstel met die “waaroms” van ons lewe, mag ons nie vergeet dat God die enigste ware Regter is, en dat Jesus Christus uit genade ons straf op die sonde gedra het nie. Met die krag van die Heilige Gees kan ons soos Job volhard en kan ons vir ons vyand en vriend voorbidding by God doen.

*Sing: Psalm 130-2:1, 2*

*Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)*